# DIE SIRKEL VAN LIEFDE

# BEGIN VAN DIE SIRKEL

**1 Joh 4:19**

Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

1. Omdat Hy ons eerste liefgehad het.
2. Daarom het ons Hom lief.

- Om jou liefde vir God te laat toeneem/groei moet jy die openbaring kry hoe lief God jou het.
- As jy wil Heilig leef – passie vir God wil hê – in gehoorsaamheid wil lewe – kry openbaring van hoe lief God jou het.

# AS JY DIE ORDE OMDRAAI

- Lewe in vlees: Probeer harder
  Sit meer "effort" in.
- Lewe in veroordeling: Ek het God nie so lief soos ander…
- Lewe van wet: Ek moet God liefhê i.p.v. ek wil God liefhê.

# GOD SE LIEFDE VIR ONS

## 1. God is liefde

**1 Joh 4:16**

En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.

# GOD SE LIEFDE VIR ONS

## 2. God se liefde is Ewig

**Ps 107:1 (GNB)**

"Give thanks to the LORD, because he is good; his love is eternal!"

**Ps 107:1 (NAV)**

Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!

# GOD SE LIEFDE VIR ONS

## 3. God se liefde is Onvoorwaardelik

**Rom 5:8**

Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

- God se liefde vir my is nie gegrond op prestasie nie, maar op Jesus se werk aan die kruis.
- Sonde diskwalifiseer my nie van God se liefde nie.

**Rom 8:39**

Of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

# GOD SE LIEFDE VIR ONS

## 4. God het my net so lief soos Sy Seun Jesus

**Joh 15:9 (AFR)**

Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My.

**Joh 15:9 (AMP)**

I have loved you, [just] as the Father has loved Me; abide in My love [continue in His love with Me].

# GOD SE LIEFDE VIR ONS

## 5. God se liefde is Demonstratief

**Joh 3:16**

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

- Nie net woorde, maar dade.

# GOD SE LIEFDE VIR ONS

## 6. Ons is God se Bemindes

**2 Thess 2:13a**

Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word.

# WARE TOETS OF EK GOD LIEFHET

## 1. Naaste liefde

**Joh 15:12**
Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.
**Joh 13:34** *(naaste liefhê, broeder haat)*
'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.
**1 Joh 3:23**
En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het.
**1 Joh 4:21**
En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.
**Rom 13:8**
Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul.

# WARE TOETS OF EK GOD LIEFHET

## 2. Gehoorsaamheid

**1 Joh 5:1-3**
**1** Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore;
en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit
Hom gebore is.
**2** Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet:
wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar.
**3** Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar;
en sy gebooie is nie swaar nie.

**Joh 14:15**
As julle My liefhet, bewaar my gebooie.

- Wet sê ek moet gehoorsaam – **godsdiens**
- Liefde sê ek wil gehoorsaam – **verhouding**
- Hoe meer ek moet gehoorsaam, hoe meer is ek ongehoorsaam.
- Hoe meer ek God liefhet, hoe meer wil ek gehoorsaam.